

Hoofstuk van die dag: Kolossense 4

Aristargos, wat hier saam met my gevange sit, stuur vir julle groete; ook Markus, die neef van Barnabas. Oor hom het julle reeds opdragte gekry: as hy daar by julle kom, moet julle hom gasvry ontvang. (Kol 4:10)

’n Mens kan byna nie glo wat Paulus hier skryf nie. Ons lees immers in Handelinge van ’n groot agterdog en selfs verwerping by Paulus teenoor Markus. Markus was deel van Paulus en Barnabas se eerste sendingreis, maar het kort ná die reis begin het, tou opgegooi (Hand 13:13). Met die tweede sendingreis het Paulus volstrek geweier om Markus weer ’n kans te gee (Hand 15:37-39).
Dit lyk egter of Paulus se hart later teenoor Markus versag het. Tydens Paulus se eerste gevangenskap in Rome was Markus by hom (Kol 4:10). Daarna het Markus blykbaar na Asië gereis en toe Paulus vir die tweede keer in Rome in die gevangenis was, was Markus op pad daarheen om die apostel tot hulp te wees (2 Tim 4:11).
Markus en Paulus se samewerking het op ’n slegte noot begin. Paulus het hom aanvanklik afgeskryf, maar tog het hulle later medewerkers geword (Filem 24). Deur die Here se genade kán stukkende verhoudings herstel en tot seën wees. Jou stukkende verhoudings ook!

Naskrif: Ons volgende boek is 1 en 2 Kronieke. Dit is die enigste Bybelboek wat ons nog nie saam gelees het nie. Ons vertrek egter eersdaags vir ’n maand se kuier by ons tweede dogter in die VSA. Ek kan dus nie ’n besliste datum gee wanneer ek die dagstukkes gaan hervat nie. Intussen – seënwense van my en Elmien.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026